# SONDAGSKOOL LES: 8.Makeover

**Doel van les:**

- Ons leer dat ons nie ons lewens vir Jesus kan gee, maar aanhou leef soos ons geleef het nie.

Videosnit: Milla makeover haar sussie

**Sê:** Vandag gaan ons heelwat praat oor makeovers. So ek wil gou hoor wat julle weet van makeovers.

**Vrae in groepe:**

- Wat is 'n makeover?
- Hoekom doen of laat doen mense makeovers?

Kry terugvoering.

So nou dat ons almal op dieselfde bladsy is oor makeovers gaan ons bietjie ons eie makeovers doen.

**Ysbreker: Toiletpapier makeover**: Gee vir elke groep 'n rol toiletpapier, skêr en cellotape. Hulle het 10 minute om vir iemand in die groep 'n vinnige makeover te gee.

Laat elke groep kom wys hoe lyk hulle model.

Wys video clip van makeovers.

Die dag wanneer ek my hart / lewe vir Jesus gee, dan begin die Heilige Gees met 'n proses in my lewe. Die Heilige Gees kom doen 'n 'makeover' in my lewe. Daar is wel iets wat moet gebeur voordat daardie makeover kan begin.

**Groepwerk: Lees 2 Korinthiërs 5:17**

- Wat dink julle is die eerste stap voordat die makeover kan begin? (Ek moet aan Jesus behoort – my hart/lewe vir Hom gee. Dis nie vir ongereddes nie.)

Kry terugvoering.

Slegs deur Jesus en wat Hy gedoen het aan die kruis vir ons, kry ons ons nuwe identiteit. Nadat ons tot bekering ontvang ons die Heilige Gees en Hy kom help anders dink, anders leef, anders besluite neem, maar ek moet bereid wees en Hom toelaat. Net soos die een wat julle gemakeover het julle moes toelaat, so moet jy die Heilige Gees toelaat om jou te help met hierdie verandering. Ons kan nie ons hart / lewe vir Jesus gee en aanhou leef soos ons geleef het nie.

Ek hoef nie skoon te wees voordat ek Jesus aanneem nie, maar ek kan nie beswustelik daarmee aangaan nadat ek tot bekering gekom het nie! So die saak staan vandag so: was jou bekering ernstig genoeg dat dit vir jou belangrik genoeg is hoe God, Jesus en die Heilige Gees wil hê dat jy moet lewe? As jou antwoord ja is, moet jy jou regmaak vir die 'makeover' van jou lewe. Jy kan Hom ook vertrou met daardie makeover. Hy sal nie 'n gemors maak nie.

Sluit af met gebed in groepe.